# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVII** JANUARY 2024 **No. 07**


## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**JEREMIA 31:23-28**

23. So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Wanneer Ek hulle lot verander, sal hulle weer in Juda en in sy stede sê: Die Here sal jou seën, regmatige woonplek, heilige berg!
24. Mense sal saam woon in Juda en in sy stede, boere en veewagters wat rondtrek.
25. Ek gee nuwe krag aan dié wat moeg is, Ek maak die moedelose weer vol moed.
26. Dit is waarom Ek ingryp: Ek het alles gesien, Ek sal nie terugkom op my besluit nie.
27. Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek Israel en Juda weer sal vol maak met mense en diere.
28. Ek was gretig om hulle uit te ruk en af te breek, om hulle plat te slaan en te vernietig, om rampe oor hulle te bring. Ek sal net so gretig wees om hulle op te bou en hulle te plant, sê die Here.

## MY VOLK SAL OORGENOEG HÊ AAN DIE GOEIE WAT EK GEE!

### sê die Here - Jeremia 31:14.

YOU SHALL BE SATISFIED WITH MY GOODNESS! SAYS THE LORD - JEREMIAH 31:14.

**God sal deur hierdie boodskap kommunikeer met sy kinders wat gretig is om te weet wat in 2024 in hul lewens sal gebeur. Lees asseblief versigtig!**

***Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari***



'n Baie gelukkige en geseënde Nuwe Jaar vir al ons **Echo of His Call** gesinslede!

Baie dankie vir julle volgehoue ondersteuning van ons **Echo of His Call** Bedienings. God het ons genadiglik geseën met nog 'n jaar om ons dankbaarheid te kan wys vir al sy goedheid. Dit is deur innige gebede en liefdegawes dat ons in staat is om duisende mense oral in die wêreld te bereik. Ons is so dankbaar vir julle ondersteuning. God sal beslis vir julle seën, en ook julle komende geslagte omdat julle tyd en innige gebede belê het in die verspreiding van die hoop van die goeie nuus in die wêreld. Dit is God se belofte vir sy

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***



**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS



# van julle geliefde broer...



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

## U KROON DIE JAAR MET U GOEIE GAWES ...

**Psalm 65:11**

Geliefde broers en susters in die Here,

**Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees** (1 Petrus 1:2).

Ek is dankbaar dat God my die geleentheid gegee het om hierdie redaksionele kolom te skryf. My pa, Pr. Sam Selva Raj, is baie besig met reis en ander bedieningspligte, en het dus hierdie werk aan my toevertrou. Ek het innige waardering vir jou liefde en vennootskap met ons gedurende die afgelope dekades.



*Pr. Alex Samson Sam*
*Managing Editor*

Gedurende Desember 2023 het die Here ons geseën met wonderlike geleenthede om 'n groot aantal onbereikte mense te bereik. Ons Nuwejaardienste was ook oorvloedig deur God geseën. Ons vertrou dat 2024 nog meer vrugbare seëninge op julle en jul gesinne sal uitstort.

Ons bid gereeld vir julle en deel ons daaglikse stiltye deur ons **Echo of His Call YouTube-kanaal** in Engels, Tamil, Hindi en Telugu. Daarby wil ons graag uitbrei na ander tale ook. Hiervoor vra ons dringend vir julle vurige gebede dat **Echo of His Call Bedienings** sal blom.

Ons waardeer julle gebede en ondersteuning vir **Echo of His Call Bedienings.** In hierdie verband wil ons julle graag herinner aan ons



*Nehemiah Bybelkollege Sleutel Leiers*

**Nehemia Bybelkollege** waar klasse tans aangebied word in Tamil en Hindi. Ons beoog om in die nuwe jaar die kollege uit te brei en Engels in te sluit. En ons noem met groot opgewondenheid dat ons in die laaste fase is om akkreditasie te kry van die hoog geagte akkreditasie organisasie Asia Theological Association. Ons het reeds geregistreerde lidmaatskap vir

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

akkreditasie van hulle gekry. Bid asseblief vir al ons medewerkers want hulle bestuur effektief die **Nehemia Bybelkollege** en help ons om dit tot die volgende vlak op te hef.

Voorts, bid asseblief gedurig vir al ons bedienings, naamlik **Echo of His Call-bedienings**, maandelikse nuusbriewe in 16 tale, veeltalige Kerke, **Bybelkor korrespondensiekursusse, Teologiese Korrespondensiekursusse, St. Paul Matrikulsasie-skool**, Evangelie Drukpers en ons verwante bedienings.

**Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!** (Numeri 6:24-26).

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. ALEX SAMSON SAM
PS. S. SAM SELVA RAJ

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls.1*

mense. Laat ons hande vat en voort gaan met hierdie groot werk!

Ek bid dat ons goeie God in hierdie jaar sal volhou om vir julle wysheid te gee om in hierdie wêreld te leef met Goddelike wysheid, kennis, goeie gesondheid, krag en gemoedsrus. Bo alles, mag Hy julle versadig met sy goedheid.

Die Bybel sê: **My volk al oorgenoeg hê aan die goeie wat Ek gee.** – Jeremia 31:14.

Wat 'n wonderlike belofte om aan vas te hou by die begin van die jaar! My volk sal "VERSADIG" wees met my "GOEDHEID." Dit beteken ek sal nie onvergenoegd of behoeftig wees nie. My God sal hierdie jaar in al my behoeftes voorsien. Hierdie jaar sal 'n jaar wees waar ek God se goedheid sal beleef en versadig sal wees met wat Hy voorsien. **"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie," en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.** (1 Korintiërs 2:9). So gaan God ons lei in hierdie jaar. Is jy opgewonde? Ek is baie opgewonde want Hy is getrou aan sy beloftes.

## Goedheid van God!

Ons hemelse Vader het ons reeds met baie goeie dinge geseën. Maar die satan probeer om ons denke te manipuleer en ons insig te versteur, sodat ons die seëninge rondom ons miskyk.

Kom ons ondersoek die voorbeeld van die Edentuin. God het Adam en Eva geseën en in Genesis 1:26-28 en 31 gesê:

**"Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers (regeer) oor ..." Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip." Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.**

Daarby het God in Genesis 2:17 beveel: **"... maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."**

God het verklaar dat ons seggenskap oor alles sal hê, maar in vandag se wêreld voel dit meestal asof alles rondom ons eintlik oor ons heers, insluitend ons selfone en ander tegnologie.

Let op hoe die satan God se woorde verdraai het: **"Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."** – Genesis 3:4-5.

Hier sien ons die manipulasie van die satan se woorde wat Adam en Eva verlei met die bewering dat hulle nie sal sterf nie, maar eerder meer soos God sal word. Hy stel dit so voor dat sy aanbieding groter en kragtiger is as wat God kan gee. Waarom klink hierdie taktiek bekend? Omdat die satan dieselfde formule bly gebruik om mense vandag nog van God se pad af te verlei. Hy stel wêreldse goed voor as beter, waardevoller en kragtiger as wat ons liefdevolle Jesus vir ons bied.

En toe Adam en Eva uiteindelik luister na die bose een se stem, verloor hulle die belangrikste ding in hul lewens.

**Hulle altwee se oë gaan toe oop, ...** (Genesis 3:7). Maar hulle verloor toe hul vrede en vreugde, en gaan kruip toe weg vir God.

**Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is.** – Genesis 3:23. **Deur jou toedoen is die aarde nou vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank; die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit, en jy sal veldplante eet; net deur**

**harde werk sal jy kan eet, ...”** – Genesis 3:17-19.

Hulle het die goedheid van God verloor!!! Die vreugde van gemeenskap met God. **Want Hy is die Een wat blydskap gee.** – Vergelyk Handelinge 14:17.

Hy bewys sy goedheid met die reën wat Hy uit die hemel gee, en oeste in die seisoene. Hy voorsien genoeg kos en maak jou hart vol vreugde.

Baie van ons verwar vreugde (joy) en geluk (happiness). Daarom het ek dit ondersoek en die verskil gevind:

- ❈ Vreugde (joy) is 'n klein woordjie. Geluk (happiness) is 'n groter woord.
- ❈ Vreugde is in die hart. Geluk is op jou gesig.
- ❈ Vreugde is in jou siel. Geluk is vir die oomblik.
- ❈ Vreugde oortref. Geluk reageer.
- ❈ Vreugde omhels vrede en tevredenheid, wagtend om ontdek te word.
- ❈ Vreugde is diep en loop oor, terwyl geluk net hallo sê.
- ❈ Vreugde is 'n gewoonte en 'n gedrag. Dit is opsetlik en bedoeld. Geluk kom en gaan vol vrolikheid.
- ❈ Vreugde is innig en Skriftuurlik. “Moenie bekommer nie, verbly jou.” Geluk is 'n salf. “Moenie bekommer nie, wees vrolik.”
- ❈ Vreugde is 'n innerlike gevoel. Geluk is 'n uitwaartse uitdrukking.
- ❈ Vreugde verduur ontbering en toetse en bind met doel en betekenis.

'n Mens jaag na geluk, maar kies vreugde.

Vrede en vreugde gaan dikwels hand aan hand. Waar daar vrede is, is daar vreugde, en waar vreugde is, is vrede. Soos tweeling susters. Vreugde is een deel van die goedheid van God, en Hy het belowe om ons te versadig met sy vreugde deur ons harte daarmee te vul.

Soos Nehemia 8:11 sê: **“DIE HERE SE BLYDSKAP IS MY STERKTE.”**

Tog probeer die satan ons begrip van God se goedheid verwring, soos hy met Eva gedoen het. Hy lok ons uit om na meer te hunker as wat God wil gee, en dit lei tot:

## 1. ONVERGENOEGDHEID!

Eva was toe nie tevrede met wat God beloof het nie. Onvergenoegdheid is die eerste vyand teen God se goedheid. As jy dink: “Ek wens ek het dit gehad” of “ek wil meer hê,” dan waardeer ons nie en is ontevrede met wat God gegee het. Maar as ons tevrede is, sal ons vreugde ervaar.

Romeine 15:13 herinner ons: **Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees.**

Ontevredenheid steel ons vreugde, en dit is presies nie wat God beloof het nie. Ons moet liewer leer om versadig te wees met die goedheid van God. Kom ons leer om bly te wees oor wat Hy vir ons gegee het en oefen 'n gesindheid van vergenoegdheid en dankbaarheid aan die begin van hierdie jaar.

## 2. TELEURSTELLING!

Nog 'n droombeeld wat die satan skep om ons vreugde te steel is **teleurstelling.** Waar daar 'n verwagting is, kan daar sekerlik ook teleurstelling wees.

*....verv. op.bls. 6*

**NEHEMIA RESIDENSIëLE**
**BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

Medium : Hindi

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar**

**Certificate in Ministry**
**Diploma in Theology**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 Januarie19 Tot Februarie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Januarie 19** ➲ Dat ons die Kersfees- en Nuwe Jaar-vieringe in ons Hoofkerk en dogter gemeentes kon hou op betekenisvolle en indrukwekkende maniere.

**Januarie 20** ➲ Vir sy guns aan ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsgenote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote sowel as hulle gesinne.

**Januarie 21** ➲ Vir sy seën op ons Pastore en Senior Leiers van die Hoofkerk en dogtergemeentes.

**Januarie 22** ➲ Vir sy seën op ons **Wêreld Visie vir Jeug- en Kindersorg-bediening.**

**Januarie 23** ➲ Vir sy seën op ons YouTube-bediening met die 5-minute boodskappe om die onbereikte mense te bereik.

**Januarie 24** ➲ Vir al die aksies van **St. Paul Matrikulasieskool**, **Nehemia Bybelkollege**, en **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**Januarie 25** ➲ Vir sy seën op ons tydskrif in 16 tale, wat by ons Drukpers gedruk word en sendingvelde toe gestuur word.

**Januarie 26** ➲ Dat Hy voorsien het in al ons geldelike en geestelike behoeftes in die vorige maand.

**Januarie 27** ➲ Vir sy seën op ons sendelinge en hul gesinne.

**Januarie 28** ➲ Vir ons Senior Pastoor, vir sy toewyding om die evangelie te versprei deur verskeie bedienings.

**Januarie 29** ➲ Vir sy seën oor ons **Echo of His Call** personeel en hulle gesinne met goeie gesondheid en goddelike beskerming.

**Januarie 30** ➲ Vir sy seën wat die jeug opgewonde maak om deel te neem aan al ons Kerklike aksies.

**Januarie 31** ➲ Dat Hy ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin beskerm het teen alle bose magte.

**Februarie 01** ➲ Dat Hy ons geseën het met gebedsvennote en hulle geldelike ondersteuning.

**Februarie 02** ➲ Vir sy seën op al ons Hulpredakteurs en hul gesinslede.

**Februarie 03** ➲ Vir die krag van sy Woord in ons Sondagdienste by die Hoofkerk en dogtergemeentes.

### Bid asseblief vir ...

**Februarie 04** ➲ Seën en beskerming van alle Christelike organisasies en Kerke.

**Februarie 05** ➲ Goeie gesondheid vir ons kantoor- en drukkerpersoneel.

**Februarie 06** ➲ Die beskerming van ons studente by die Aandklas en Inwonende **Nehemia Bybelkollege**.

**Februarie 07** ➲ Die uitsaai van Pastoor S. Sam Selva Raj se boodskappe in bykomende tale op ons **Echo of His Call YouTube-kanaal**.

**Februarie 08** ➲ Ons medewerkers wat betrokke is by die onderrig en vertaling van kursusmateriaal vir ons **Nehemia Bybelkollege**.

**Februarie 09** ➲ Vrede in Israel, Palestina, Rusland en Oekraïne.

**Februarie 10** ➲ Die opdatering van die **Nehemia Bybelkollege** se Biblioteekboeke in KOHA-sagteware.

**Februarie 11** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle soorte van bose magte.

**Februarie 12** ➲ Die beëindiging van die ekonomiese resessie wat oor die hele wêreld hang.

**Februarie 13** ➲ Dat die geweld teen sendelinge en ander dienaars van God sal stop.

**Februarie 14** ➲ Die veiligheid van alle vroue en kinders oor die hele wêreld.

**Februarie 15** ➲ Sukses vir ons Senior Pastoor terwyl hy sy outobiografie skryf.

**Februarie 16** ➲ Die jeug- en uitreikbedienings van **Echo of His Call**.

**Februarie 17** ➲ Die nodige fondse vir **Echo of His Call**-bedienings hierdie jaar.


**Februarie 18** ➲ Die uitroei van die Corona Virus en nuwe infeksies van oor die hele wêreld.

*verv. v. bls.4*

Dikwels verwag ons dat God ons gebede sal antwoord presies soos ons vra. Maar wanneer ons begeertes nie vervul word nie, raak ons teleurgesteld en ontmoedig. Die probleme en uitdagings voor ons trek ons nog verder af en ons beleef teleurstelling. By voorbeeld, ons begeer dalk 'n spesifieke werk of bevordering, maar as ons dit kry besef ons dit kom met sy eie uitdagings en stres. Die werklading kan oorweldigend raak, en ons aanvanklike verwagting voel onvervuld ... “ek het gedink dit sou só wees” ... of “ek wens dit was liewer só.”

Spanningsvolle omstandighede kan lei tot onvervulde verwagtings, en dit laat ons onbewus brom en kla. En algaande verloor ons ons vreugde en vrede, en dit, my vriend, is iets wat God nie verdra nie.

Die Israeliete het dit ervaar toe hulle uit Egipte is. Na 430 jaar



*'n Wolkkolom van Vuur*

van roep na God, **het Hy hulle gelei met 'n wolkkolom bedags en 'n vuurkolom snags** (Eksodus 13:21). Hulle was vol vreugde en het 'n hele hoofstuk (Eksodus 15) aan Hom gewy om sy Naam te eer. Hulle het gedans, gesing, hulle verbly en hul vryheid gevier.

Onthou, soos jy nader aan God kom, sal die satan uitdagings en wegleidings op jou pad bring. **Hulle het onder druk geraak toe**



*Hulle het begin kla*

**hulle vir drie dae nie water gehad het nie** (Eksodus 15:22), en toe begin hulle murmureer. Hulle het God se goedheid vergeet wat hulle verlos het van gevangenskap, vervloeking en slawerny en hulle vry gemaak het. Dit is baie hartseer dat ons neig om maklik God se goedheid te vergeet ... 'n kort geheue.

**Hulle het begin kla** (Eksodus 15:2). Hoeveel kere het ons al gekla, God se goedheid vergeet? Net omdat hulle vir drie dae nie water gekry het nie en hul verwagtings verpletter is, het dit teleurstelling gebring, en dit steel ons vreugde en vrede.

Maar God se weë is hoër en groter as ons gedagtes. Ten spyte van hul klagtes **het God vir hulle nie net een fontein gegee nie, maar twaalf** (Eksodus 15:27). Seker een vir elke stam. Hy het voorsien dat hulle dalk kon begin stry daaroor en voorsien toe oorvloedig sodat hulle daar by die water kon kampeer.



*Twaalf fonteine en sewentig palmbome*


## NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

**Certificate in Ministry**

**Diploma in Theology**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

Ons sien in die Bybel dat al die uitstaande mense van God teleurstellings gehad het. Abraham, Noag, Jakob, Samuel, Eli, Hanna, Jeremia, Dawid, Job, Nehemia, Petrus, Paulus en baie ander besondere mense in God se koninkryk het almal teleurstellings en gebrokenheid beleef. Deur daardie beproewings is hul geloof getoets en verfyn, en dit het gelei tot groei en inniger afhanklikheid van God. Maar midde in hul teleurstellings het God sy plan uitgevoer. Hy kan dit ook so in jou lewe doen hierdie jaar. Hy het 'n plan, en Hy sal dit uitvoer ten spyte van jou teleurstellings en gebrokenheid. Voel jy vandag teleurgestel? Voel jy stukkend? Wees gerus, God werk agter die skerms. Moenie hoop verloor nie. Hy het jou naam in sy handpalm gegraveer en sal jou nie vergeet nie. Hy sal klaar maak wat Hy in jou lewe begin het.

## 3. ONTMOEDIGING!

Die derde wapen wat die satan gebruik om God goedheid by ons te steel is ontmoediging.

**'n Voorbeeld hiervan is te sien in Marta en Maria se klagte teenoor Jesus: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe**



*Marta and Maria kla by Jesus Christus!*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**


**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15



## CHENNAI LIGTORING

*Die donkerte in jou lewe sal binnekort verander in helderheid.*

Baie jare gelede was ek baie gepla met verskeie beproewings in my bediening. Dit het baie vrae in my gemoed ontlok. Ek het gedink ek kon net soos enige ander man in hierdie wêreld lewe en moes nie in die Here se bediening gekom het nie. As dit so kon wees, kon ek wraak neem op diegene wat probleme in my lewe veroorsaak het, op my eie manier en met eie krag. En verder kon ek kort paaie gevat het om my geldelike probleme op te los. Ek het gewonder of dit my eie begeerte was om die Here se dienaar te word en of dit werklik God se roeping op my lewe was.

Met al hierdie gedagtes in my gemoed het ek een aand in 1976 naby die Chennai Ligtoring by die Marinastrand gekniel rondom 10 nm. en in gebed geworstel. Niemand was daar om my te ondersteun op hierdie moeilike dag nie. Almal het my verlaat. My oë was vasgenael op die ligtoring.



Die lig was ontwerp om in die rondte te draai teen 'n spesifieke spoed om vir skepe aan te dui hulle is naby die kus. Ek het die draaiende lig bekyk en opgelet dit skyn helder vir nagenoeg 15 sekondes en word dan dowwer en donker vir die volgende 10 sekondes.

Terwyl ek so kyk na die wisselende patroon van lig en donker, het ek 'n nuwe perspektief gekry en bemoedig gevoel. Daarby het ek ook 'n helder boodskap van God gekry wat sê: "Die donkerte in jou lewe sal binnekort verander in helderheid."

Liewe Leser, bevind jy jouself in groot gevaar of is daar aaklige aanslae voor jou? Moenie mismoedig word nie! Lig en donker kom en gaan, maar die Here Jesus Christus bly altyd dieselfde. Hy is gister en vandag en vir altyd dieselfde. Die God van ons voorouers Abraham, Isak en Jakob sal jou hand hou, jou beskerm en verlos.

Glo net in Hom!!

********

**het nie."** (Johannes 11:32). Soms laat God toe dat ons verliese ly, soos die dood van 'n geliefde. Dalk het van ons dit die afgelope jaar beleef, en dit kan erg ontmoedigend wees. Ons vra hoekom die Here nie ingegryp het nie, hoekom het Hy nie ons gebede verhoor nie? Maar die Bybel herinner ons dat **Jesus gehuil het** (Johannes 11:35). Ons het 'n Hoëpriester wat ons pyn en trane en stukkendheid ken. **Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie** (Hebreërs 4:15).

Jesus huil wanneer jy huil. Hy voel dieselfde pyn, en Hy is midde in jou beproewings want Hy weet dit kweek geloof. Daarom, moenie ontmoedig word nie. Jesus het sy reis na Betanië vertraag omdat Hy ons geloof wou versterk en wys dat Hy in beheer van ons lewens is. Hy het verklaar: **"Ek is die opstanding en die lewe ...** (Johannes 11:25). Om hierdie waarheid te demonstreer, moes iemand sterf, 'n broer, 'n vriend, 'n seun, 'n eggenoot, 'n pa, ... sodat Hy ons volharding kan leer.

Die Bybel bemoedig ons: **My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle**

**in staat om te volhard** (Jakobus 1:2-3). So, ons behoort nie ons geloof te versaak nie. ONS GOOI NIE TOU OP NIE!

Vanjaar sal God jou weer laat begin waar jy in die verlede opgegee het. Dit sal 'n jaar wees van herbou, waarin jy sal sien hoe dinge voltooi word en nie net sal bly lê nie.

God loop saam met jou in die beproewings, die neerlae, die skandes en die mislukkings. Hy is die Vierde Man in die vuur saam met jou. Hierdie is die jaar waarin jy die vrugte van jou deursettingsvermoë sal geniet.

So, geliefde broers en susters, as jy beproewings en teleurstellings in die gesig staar, en hartseer steel jou vrede en vreugde, en dinge loop nie soos beplan nie, onthou om dit as louter vreugde te ag. So leer die Bybel ons. Ons het 'n Hoëpriester wat saam met ons deur alles gaan. Daar is Iemand in die vuur langs my, langs jou. Die goedheid van God bring Vrede en Vreugde midde in alles, want Hy is die Vredevors.

Jy is nie alleen nie, en jy hoef dit alleen aan te durf nie.

Moenie opgee nie, hou vas, en staan op as jy geval het.

Die satan lieg vir jou, maar moenie luister nie. God weet en Hy laat toe!

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## DRINGEND

Ons benodig sowat 1000 Hindi Christelike boeke vir ons **Nehemia Bybelkolleges.** Laat weet asseblief van moontlikhede om die teologiese Hindi boeke te kan bekom.

- Pr. S. Sam Selva Raj, Redakteur
+91-98412 71858

## BENODIG BIBLIOTEEKBOEKE

Ons benodig Tamil, Engelse en Hindi boeke vir ons biblioteke by **St. Paul's Matrikulasie-skool** en **Nehemia Bybel-kolleges**. As julle dalk nuwe of ouer boeke het wat in goeie toestand is en gewillig is om dit te skenk, laat ons asseblief weet.

- Pr. S. Sam Selva Raj, Redakteur
+91-98412 71858

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief vir Echo of His Call se Poskurusse

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th JANUARY 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**